# 29 November 2023 - Lesing 188 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**"Werksaamheid van die Gees" en die aktiwiteite van die** geestewêreld **–** 18/2/61

**NO: 7829** Julle word met die waarheid vertroud gemaak, kan julle die betekenis daarvan besef? Dat julle hiervan verseker is om volledig in die waarheid vas te staan, omdat Ek julle Self onderrig? En as mense teen julle spreek en sê dat julle nie seker daarvan is dat dit Ek is wat tot julle spreek nie, laat julle dan nie in die war bring nie, want dan sou julle andersins alles kan verwerp, ook die boek van die boeke (die Bybel) **wat My duidelike aanwysings bevat oor die "werksaamheid van My Gees".**

Die mense is egter al so ver van My verwyder, dat hulle van die werksaamheid van My Gees in die mens niks meer weet nie. Hulle soek weliswaar sporadies ook die verbinding met die geestelike ryk, maar is totaal onwetend dat hulle hulself daardeur in gevaar begewe **om mededelinge in ontvangs te neem wat nie ooreenkom met die waarheid nie**, omdat hulle te min weet oor "die aktiwiteite van die **geeste", wat nog nie die ligryk binnegegaan het nie.**

Hulle bring verbindinge tot stand met geestelike gebiede, met die geesteswêreld, wat ook wel kontak soek met die mense, - dog maar net om hulself te kan uiter, **om hulle verkeerde, verwarde denke op die mense oor te dra soos wat hulle dit op die aarde gedoen het,** want solank hulle nie in die ligwêreld vertoef nie, is hulle denke nie korrek nie. Hulle is nog verduister van gees en kan **slegs valse idees aan die mense oordra.**

En die mense heg te veel waarde aan sulke mededelinge uit die geesteswêreld. **Maar die ware band met My**, wat aan hulle die toestroming van die waarheid waarborg, soek hulle nie.

"My Gees" sal julle in die waarheid lei. Ekself wil julle onderrig en ofskoon Ek tot julle **deur ligbodes spreek**, is dit tog dieselfde, want van My af gaan die waarheid uit en word vir julle deur My ligbodes gebring wat nooit anders kan en sal spreek as wat My Wil is nie, omdat hulle die **geestelike leringe van My aanneem wat hulle aan julle deurgee.**

Ekself onderrig julle deur die Gees. Begryp dit mense, dat **God Self tot julle spreek** en laat dit nie as onmoontlik afmaak nie. Want julle staan in regstreekse verbinding met My omdat julle My skepsele, My kinders is en ewig by My hoort. En die Vader sal steeds tot Sy kinders spreek as hulle dit maar wil en die voorwaardes vervul wat Ek daaraan verbind het, **- dat die kind die stem van die Vader kan verneem.**

Julle moet glo dat Ek tot julle spreek, julle gereedmaak as **opnamehouers vir die instroming van My Gees - en dan innerlik luister.**

**Om te kan glo, moet julle in die liefde lewe en daardeur berei julle julleself tot woning vir My**. Ek kan dan by julle aanwesig wees en as julle opmerksaam luister, sal julle My verneem. En wat Ek sê is die waarheid, want die Ewige Waarheid Self spreek tot julle. Sy onderrig julle en julle sal alles verneem wat nodig is vir die heil van julle siele.

Het julle egter die stemme uit die Geestewêreld daarvoor nodig? Laat julle ernstig waarsku, om mededelinge as waar aan te neem wat **nie deur die "werksaamheid van My Gees"** tot julle gekom het nie. Hou julle ver van hulle wat voorgee dat hulle in verbinding staan met die geesteswêreld.

Hulle is 'n gevaar vir julle, want hulle **verwar julle gedagtes** en hou julle weg van die suiwere waarheid. Mense wie se siele al uitgeryp het, kan soms wel 'n blik in hierdie geestelike gebiede werp en hulle invloed op die siele van die duisternis uitoefen; maar nooit sal mense op aarde iets wen deur kontak te soek met die anderkant, **waar geen lig is nie**.

En daarom moet hulle so 'n omgang met die geesteswêreld vermy, want ook hierdie omgang is 'n middel van die teenstander **in die eindtyd om die gedagtes van die mense in verwarring te bring**, sodat die mense ook geen begrip vir die "werksaamheid van My Gees" kan kry en afwysend teenoor die waarheid staan of minder aandag daaraan skenk as aan ander mededelings - en aan 'n genadegawe van die hoogste waarde verbygaan.

Die waarheid gaan van My uit en julle mense sal haar ontvang **as julle hierdie waarheid begeer**. Neem julle egter genoegdoening met mededelinge wat nie hulle oorsprong uit My het nie en skenk julle aandag aan sulke mededelinge, dan begeer julle nie die waarheid nie en sy sal ook nooit in julle besit kom nie.

**Waar My Gees egter werk, daar is die waarheid**. Want Ek kan slegs werk waar die voorwaardes aanwesig is, dan hou Ek elke dwaling op 'n afstand, want hierdie mag staan My waarlik ter beskikking.

Ek wil dat die waarheid na die aarde gebring word en Ek het die mag om My Wil uit te voer, want julle mense dwaal rond in dwaling en is daarom in groot gevaar. **Julle mense kan maar net deur die waarheid salig word** en moet haar ernstig van My afsmeek.

Dan kan julle egter ook seker wees daarvan dat julle haar sal ontvang, dat Ek julle Self sal leer soos wat Ek dit beloof het. Amein.